SWD TWEEKAMP

VOLUME 1 : 2004

SWD TWEEKAMPER

FEBRUARIE 2004

TWEEKAMP BIATHLON

IN HIERDIE UITGAWE

HIGHGATE/DSR INTER 2

BESTUUR 2004 3

ONTWIKKELING 3

"DOUBLES" 3

ONTWIKKELINGSKLINIEK 4

ADRES-INFO 4

BELANGRIKE DATUMS 2004

- **SWD Kampioenskappe : 16 Mrt**
- **SWD Biathlo Kampioenskappe : 2 Mrt**
- **Ontwikkelingskliniek Bridgton : 24 Febr.**
- **Ontwikkelingskliniek Mosselbaai : 9 Mrt**
- **Wes-Kaap Sporttoekennings 2004 6 Mrt—Kaapstad**

TWEEKAMP & BIATHLO STAAN STERK IN SWD !

Die stand van tweekamp en biathlon staan sterk in die SWD—aldus die voorsitter, mnr Dave van der Walt.

Alhoewel SWD 'n maer jare in die senior geledere ondervind, maak ons stroom van juniors beslis op daarvoor !

SWD se liga-stelsel werk uitstekend en word beskou as die voederbron van SWD se tweekamp en biathlon.

Ook die pogings wat die afgelope jare in ontwikkeling ingesit is, begin nou vrugte af te werp.

Maar, dit is veral die bestuur van SWD wat die afgelope paar jaar die wa deur die drif getrek het. Min mense besef die ure [en geld] wat deur hierdie paar mense in die sportsoort ingesit word !

Ongelukkig is die ondersteuning van die plaaslike rade besig om drasties af te neem. Die gesonde uitbou van Oudtshoorn as sportmekka is besig om te verstar.

Hierdie houding is ook duidelik te bespeur in die onderhoud van die fasiliteite—veral dié wat deur tweekamp gebruik word. Die NA Swembad is beslis nie op provinsiale standaard nie.

Biathlo is besig om in gewildheid toe te neem en dit blyk dat die afstande ons atlete goed pas. Daar mag dalk nog na vanjaar [proefjaar] kleiner veranderings aangebring word. Indien u enige insette wil lewer, kan u dit gerus na die voorsitter stuur.

Graag wil ons 'n versoek rig aan al ons lede en ouers—bemark asseblief ons sportsoort positief en beter nog, word deel van ons "tweekampgesin" !



Jannie Nieuwenhuyse, een van SWD se staatmakeratlete, in Highgate/DSR 2004

SA KAMPIOENSKAPPE IN UPINGTON

Die 2004 SA Tweekamp Kampioenskappe word vanjaar deur NWK op Upington aangebied en wel die naweek van 10 & 11 April.

Dit beloof om weer eens 'n hoogtepunt vir ons tweekampers te wees.

Die Sondag word daar weer 'n biathlobyeenkoms aangebied en die atlete gaan dan kennis maak met die Groot Gariep [ou Oranjerivier].

Die SWD-span gaan in die koshuise van HS Duineveld op Upington bly. Ouers wat wil saamgaan moet gou spring vir akkommodasie—blyplek is maar min daar !

Indien daar ouers is wat per kombi reis en wat van ons atlete kan saamneem, kontak asseblief vir mnr Dave van der Walt by 0827734901.

Onthou wat staan agter op ons T-hemp van 2003 -

If you can read this, you're following a CHAMPION !

HIGHGATE/DSR 2004 SUKSES

Die afgelope naweek was Oudtshoorn weer 'n miernes toe 447 atlete van 7 provinsies [WP, Boland, SWD, OP, Griekwas, NWK en Grens] aan die 14e **HIGHGATE/DSR INTERPROVINSIALE TWEEKAMPBYEENKOMS** deelgeneem het. Sondag het ook 153 atlete aan die **BIATHLO-BYEENKOMS** deelgeneem. Beide byeenkomste was baie suksesvol en twee SA en 7 byeenkomsrekords is daargestel.

Die **SA rekords** is opgestel deur Yvonne Riggien van OP wat die veterane dames se rekord van 2485 na 2539 verbeter het ! Ook Tanith van Meyeren van die WP verbeter die SA rekord met een enkele punt na 2564. Wicus Lombard van SWD mis die SA rekord met 'n skamele 11 punte !

Die volgende atlete het **byeenkomsrekords** verbeter :

Wicus Lombard	S/11	SWD	2259 [2218]
Leroux Fourie	S/13	SWD	2411 [2373]
Coenie van Vuuren	Sen Vet	Boland	2277 [2276]
Gerda-Marie Theron	D/17	OP	2323 [2306]
Tanith van Meyeren	Jun Vet	WP	2564 [2563]
Bernice Putter	Vet	OP	2388 [2336]
Yvonne Riggien	Sen Vet	OP	2539 [2488]

Twee SA Rekords en 6 byeenkoms-rekords word verbeter !

SWD verower 3 goue, 6 silwer en 3 brons medaljes in die TWEEKAMP en 5 goues, 4 silwer en 4 brons in die BIATHLO – 'n pragtige oes van 27 medaljes Die eerste plekke was :

TWEEKAMP	BIATHLO	
Wicus Lombard [S/11]	Wicus Lombard	[S/11]
Leroux Fourie [S/13]	Leroux Fourie	[S/13]
Adelé Hoepfner [D/19]	Melusca Farnham	[D/15]
	Juan Pretorius	[MANS OPE]
	Jannie Nieuwenhuyse	[VET MANS]

Die volgende atlete is as die **HIGHGATE** top atlete aangewys ;

Department of Cultural Affairs and Sport
Departement van Kultuursake en Sport
Isebe Lemicimbi yeNkcubeko NeMidlalo

OP DIE ONTWIKKELINGSFRONT

Die afgelope jaar het ontwikkeling goed gevorder in die SWD en word hierdie provinsie nie verniet as een van die leiers op die gebied van ontwikkeling in Suid-Afrika beskou nie !

Nie minder nie as 5 ontwikkelingsklinieke [Bridgton, George, Oudtshoorn, Mosselbaai, Baithlo] is aangebied en ongeveer 620 atlete het voordeel getrek.

Die borgskap van KLEIN KAROO MOTORS [Oudtshoorn] en SEESIG MOTORS [Mosselbaai] met die waentjie het nuwe horisonne vir SWD Tweekamp en ontwikkeling geopen. Groot dank aan mnr George Botha en sy span !

Ook die bystand van die Departement van Kultuursake en Sport op hierdie gebied word baie gewaardeer. Sonder hulle finansiële en fisiese bystand is ontwikkeling nie moontlik nie !

SWD se eie toegeruste Eagle-waentjie

Tydens 'n ontwikkelingskliniek

BESTUUR VIR 2003/4

VOORSITTER [OORHOOFS] **Dave van der Walt** [0827734901]

Vise-Voorsitters [SWEM & OUERVERTEENWOORDIGER] [BAAN, BEAMPTES & BIATHLO]

Belinda Barkhuizen **Ferdi Human**

SEKRETARIAAT

Sekretaris [ALGEMEEN]	Sekretaris [BEAMPTES]	Tesourier [AFFILIASIE, LISENSIES, GELDE]
Fransie Swart	**Marionette Hattingh**	**Fransie Steynberg**
Ontwikkelingsbeampte	**Deon Fourie**	

VERTEENWOORDIGERS

SENIORS	GEORGE	KNYSNA	OUDTSHOORN	MOSSELBAAI
Elize Venter	**Belinda Barkhuizen**	**Jane Donald**	**Marionette Hattingh**	**Rita Oosthuizen**
[044-2728384]	[044-8707535]	[044-5334360]	[044-2725905]	[044-6912247]

We say thank you to all our sponsors - in particular

HIGHGATE

DSR

KLEIN KAROO MOTORS

You're great !

"DOUBLES" GOES INTERNATIONAL !

Die 2003-deel van die seisoen met 'n pretbyeenkoms afgesluit. Elke tweekampatleet moes 'n nie-tweekamper as spanmaat saambring wat een van die komponente – of hardloop of swem – moes doen. Nie minder nie as 36 spanne het ingeskryf en die byeenkoms het ook 'n "Internasionale" kleur gehad deurdat 'n span van die Engelse valskermspringers ook deelgeneem het.

Die eerste prys [R300] is gewen deur Lise-Marie Hattingh en Ettienne Plaatjies. In die tweede plek [R200] was Leroux Fourie en Gelant Elroy met die Pa-Dogterspan van Stephan en Stephanie McKay in die derde plek [R100]. Die volgende spanne verdien ook vermelding :

Elise Venter en Bennie Stadler ,Suzanne van der Walt en Julian Empedocles, Annalize Fourie en carin Pieters, Jannes du Toit en Danël Kotzé, Freddie Potgieter en Stephan Cornelissen, Deon Fourie en Danny Farnham, Louw Kemp en Hans van der Veen.

Die pryse is oorhandig deur mnr Jean Neethling van die Departement Sport en Rekreasie. Volgens die organiseer-der en voorsitter van SWD Tweekamp, mnr Dave van der Walt, was dit 'n reuse sukses. Gesien uit die oogpunt van ontwikkeling, het 30 "nuwe" atlete deelgeneem !

Tydens die "Doubles"byeenkoms

Ons is nou op die web .....

Www.swdtweekamp.co.za

SWD TWEEKAMP

Posbus 194
OUDTSHOORN
6620

TWEEKAMP BIATHLON

Tel : [044] 2722580
Fax: [044] 2725365/2722580
Sel : 082-7734901
E.mail : davesus@mweb.co.za



The development officer of SWD Biathlon busy teaching the the clinic athletes swimming strokes and diving methods !